

Jerzy Koch

Komparatistiese klassifikasie, of die dampkring van die Afrikaanse literêre historiografie

ABSTRACT

This article attempts to explore the comparative classification approach, employed by critics and literary historians as a method of forming the literary canon. Departing from the case of Boniface being compared to Molière, the discussion focuses on possibilities offered by comparative classifications as an instrument of analysing literary history, the field of reference from which literary historians write, and expectations regarding intended readers. Within this context, the framework of references to foreign writers in major Afrikaans literary histories by G. Dekker, R. Antonissen and J.C. Kannemeyer are taken into account. Macro- and microstructures within the discussed histories are looked into. On the one hand, the manner in which N. P. van Wyk Louw's position is defined with the use of foreign authors' names is analysed. In order to illustrate the approach of various literary historians, relevant quotations are presented. On the other hand, collected statistics are interpreted as general quantitative data. These two approaches complement each other and serve within this research to indicate possibilities of analyses which make use of the comparative classification method.

I

Jare gelede het ek in 'n literêr-historiese teks geles dat Charles Etienne Boniface (1787–1853) die Suid-Afrikaanse of Kaapse Molière is. Dit was in die begin van die jare negentig toe ek omtrent niks van die Afrikaanse literatuur geweet het nie. In daardie stadium was hierdie soort vergelykings vir my 'n baie welkome aanvullende posisionering van name wat ek nog nêrens kon plaas nie. Op hierdie baie essensialistiese wyse het ek informasie oor die aard van die werk van die Kaapse skrywer of ten minste 'n aanvoeling daarvoor verkry. Die samestelling Boniface–Molière kan oordrewe klink en laat menige ingewyde lesers hul wenkbroue lig omdat dit onregmatig ten gunste van die Suid-Afrikaanse outeur is. Selfs Elizabeth Conradie skryf dat Boniface “in die verste verte nie die peil van geestigheid van die grootmeester [Molière – J.K.] bereik het nie” (Conradie 1934:54). En tog kan 'n mens nie ontken nie dat hierdie manier van agtergrond- of kontekskepping baie funksioneel is.

Ongelukkig onthou ek nie by wie ek die vergelyking tussen die outeur van *De Nieuwe Ridderorde of De Temperantisten* (1832) en sy wêreldberoemde Franse landgenoot aangetref het nie, maar uit die ondersoek wat ek later ingestel het, blyk dat die saam noem van hierdie twee name dikwels in die sekondêre literatuur voorkom. In die ouer literêr-historiese kompendia lees ons byvoorbeeld sy “gebruik van dialek (Afrikaanse uitdrukkinge) in die mond van die mindere persone van die stad, herinner soms sterk aan Molière” (Conradie 1934:254) of dat “skitterende situasietekeninge” in een van Boniface se hekeldramas “ons dikwels aan sy leermeester Molière herinner” (Nienaber & Nienaber 1941:1938). In sy boek oor Boniface *Van roem tot selfmoord* uit 1939 skryf G.S. Nienaber dat Boniface “hom besonders aangetrokke” gevoel het tot Molière en “blyspelletjies geskrywe [het] in navolging” van hierdie meester (Nienaber 1939:11). Verder noem ook F.C.L. Bosman in sy inleiding tot die uitgawe van *De Nieuwe Ridderorde* uit 1954 dat Boniface reeds in sy jonger jare “al blyspelletjies [probeer] skrywe in die trant van Molière” (Bosman 1954:7). Robert Cornevin skryf in ’n bydrae uit 1969 “avant d’avoir atteint l’âge de douze ans, il avait déjà écrit des comédies dans le style de Molière” [voor hy twaalf geword het, het hy reeds toneelstukke geskryf in die styl van Molière] (Cornevin 1969:98). En om hierdie reeks voorbeelde mee af te sluit, kan ’n mens ook aanhaal uit die nuwer publikasies. Jill Fletcher sê in *The Story of Theatre in South Africa* dat Boniface “was writing short comedies in the style of Molière” (Fletcher 1994:43).

Of die genoemde vergelykings vergesog is, kan ’n mens betwyfel. D.J. Culpin se nuutste navorsingsartikel wat dieper ingaan op Boniface se narratiewe tegnieke en dus wesentlik verskil van die literêr-historiese kompendia waaruit bo aangehaal is, ondersoek verskillende invloede by Boniface. Culpin bring dikwels die Franse komedieskrywer ter sprake. Hy stel onder andere vas: “In fact Boniface borrows from Molière whole scenarios that are used as a framework for incidents within his narrative” en “Boniface in fact refers directly to seven of Molière’s comedies” (Culpin 2013:377).

Dit spreek ook vanself dat Molière se stukke bekend was aan die Kaap. Hulle is dikwels opgevoer sowel deur die buitelandse besoekende teaters asook deur plaaslike toneelgroepe en in verskillende tale: in oorspronklike Frans of in Engelse of Nederlandse vertalings (vgl. Bosman 1928: 90, 91, 110, 122, 127, 128, 135, 140, 171, 255, 281, 297, 322, 330, 331, 340). Boniface het Molière self vertaal en bewerk. Bekend is sy vrye vertaling van *Le Bourgeois gentilhomme* onder die titel *De Burger Edelman* wat ’n groot sukses by die publiek was; die manuskrip daarvan het bewaar gebly (Bosman 1928:124; Conradie 1934:254; Nienaber 1939:66; Stassen 1957:31; Bouws, 1982:42). Toe Boniface sy bekende landgenoot vertaal het, was hy glo die naaste aan – soos hy self in *De Zuid-Afrikaan* van 2 September 1830 geskryf het – “my friend Molière” (Culpin 2013:377).

II

Hierdie soort vergelykings wat bo as voorbeeld gegee is, is 'n wydverspreide en alom aanvaarde manier om die posisie van 'n bepaalde outeur te omskryf en hierdeur die literatuur te orden. Gewoonlik plaas 'n mens die naam van 'n jonger of vreemde, van 'n onbekende of minder bekende skrywer naas 'n beroemde of beter herkenbare wie se posisie in die literêre kanon reeds vasstaan met as doel 'n sekere karaktertrek van die werk van beide outeurs op te weeg of om aandag op 'n bepaalde of vermeende invloed, inspirasie of ooreenkoms te skenk. Hierdeur word op 'n beknopte wyse te kenne gegee dat daar raakpunte is tussen die twee waarby die minder bekende outeur voordeel trek uit die vergelyking, sê maar, hom in die lig van die beroemde as't ware kan opwarm.

Dit spreek vanself dat hierdie soort klassifikasies meestal 'n brose tekstuele fondament het of selfs geen nie. Die vanne word dikwels as etikette gebruik. Die bekendheid, reputasie of herkenbaarheid van die outeur waarmee 'n skrywer vergelyk word, speel hier 'n belangrike rol. Die werklike basis is nie altyd rasioneel nie, maar in baie gevalle assosiatief en emosioneel-arbitrêr soos vroeër by die impressionistiese kritiek. Desnietemin skep hierdie soort werkwyse 'n referensiekader en fungeer as steun vir die geheue. Dit is nie net resensente of kritici wat hierdie handeling in hul publikasies toepas nie; ook literatuurhistorici gryp na die kortpad-manier om 'n bepaalde outeur en sy werk te karakteriseer. Deur hierdie vergelykings ontstaan binne literêre kompendia as't ware verbande en hele netwerke wat oor historiese, talige of nasionale grense heen reik.

Ons kan dit *komparatistiese* of *vergelykende klassifikasie* noem, omdat daar deur middel van 'n vergelyking waartoe ook 'n blote samestelling van twee vanne gereken word, 'n meer presiese klassifikasie en posisionering beoog word. Ten spyte van die vaag-assosiatiewe werkwyse en die spanning of kortsluiting wat gewoonlik tussen twee name ontstaan, gaan dit hier in wese om 'n literêr-historiese handeling wat deel van die kanoniseringsproses uitmaak.

Die term komparatistiese of vergelykende klassifikasie ontleen ek aan Wouter de Nooy, maar pas dit op 'n ander manier toe. De Nooy verstaan onder klassifikasies van literatuur “zowel een ordening van auteurs, wier werk geacht wordt overeenkomsten te vertonen, als een benoeming of typering van het karakteristieke van hun werk. Het zijn aanduidingen voor ‘soorten’ literatuur. Ik bedoel er expliciet alleen die uitspraken mee, die verwijzen naar het werk van meerdere auteurs tegelijkertijd.” (De Nooy 1993-b:198). Die belangrikste verskil lê daarin dat hierdie Nederlandse ondersoeker hom nie op literatuurgeskiedenis konsentreer nie maar – soos die titel van sy proefskrif (De Nooy 1993-a) aandui – op netwerke en institusies en dat hy 'n korter periode (die jare sewentig) onder die loep geneem het. Verder verstaan hy onder klassifikasie “een uitspraak

waarin minstens drie auteurs gegroepeerd word" (De Nooy 1993-a:8) en onder vergelyking "uitspraken waarin een verband gelegd word tussen twee auteurs" (De Nooy 1993-a:9). Hy rig sy belangstelling op "classificatie naar richting" wat binne 'n instelling plaasvind (De Nooy 1993-a:15) terwyl in hierdie ondersoek nie nader daarna gekyk word nie want daar sou 'n mens ook rekening moet hou met ander vorme van klassifikasies wat nie minder relevant is nie soos volgens genre, sfeer, generasie, sekere opvattinge, ens. Maar daar is ook ooreenkomste tussen die twee benaderingswyses Die belangrikste is dat ek soos De Nooy in hierdie soort handelings (vergelings en klassifikasies) 'n poging sien om die plek van 'n outeur of van 'n werk te bepaal, en as 'n wyse van kommunikasie tussen verskillende spelers in die literêre veld. Ek is ook soos De Nooy (1993-b:2) oortuig dat die basis van die klassifikasies eerder sosiaal of kultureel as tekstueel is.

Die vergelykende klassifikasie soos deur literatuurhistorici toegepas, het verreikende gevolge vir die beeldvorming rondom outeurs en hul werke maar ook vir die beeldvorming rondom 'n (jong) literêre tradisie. In die ondersoek waarvan hier verslag gedoen word, het dit in eerste instansie gegaan oor die kwantitatiewe analise van vergelykende klassifikasies by drie klassieke Afrikaanse literatuurgeskiedenis, naamlik Dekker, Antonissen en Kannemeyer. Die resultate van hierdie navorsing is interessant en as verkenning belowend.¹ Dit gee vir my ook aanleiding om hier tot meer gedetailleerde analise te kom en sodoende die moontlikhede van die komparatistiese klassifikasie te toon want "Het clusteren van auteurs kan het verloop van de literatuurgeschiedenis beïnvloeden." (Kuitert 1995:195).

Dit spreek vanself dat die leser vertrouwd moet wees met die naam van die meer bekende of beter herkenbare skrywer wat in die vergelyking betrek word indien die komparatistiese klassifikasie sy doel moet bereik. In die bovermelde geval moet ons aanneem dat die literatuurhistorikus of kritikus wat Boniface en Molière naas mekaar stel, verwag dat Molière se werk en die aard van sy toneel reeds tot die verwysingsveld van die leespubliek behoort op die moment waarop Boniface aan hierdie lesers bekendgestel word. In praktyk hoef dit nie so ver te gaan dat die leser Molière se toneelwerk daadwerklik gelees het en goed ken nie. Dis voldoende as hy/sy op die hoogte is van die primêre karaktertrek van Molière as outeur van komedies. Analitiese kennis van sy oeuvre is nie nodig om die komparatistiese klassifikasie haar werk te laat verrig nie, daar kan met die algemene belesenheid of selfs met die aura rondom die skrywer se naam volstaan word.


'n Mens kan die komparatistiese klassifikasie bekyk vanuit die hoek van die literatuurhistorikus wat die vergelyking maak as deel van sy skryfstrategie of vanuit die oogpunt van die leser wat hierdie soort jukstaposisie in 'n kompendium aantref en veronderstel is om by die lees daarvan sekere assosiasies te hê.

Hierdie literêr-historiese greep kan 'n boeiende onderwerp van interpretasie wees, onafhanklik daarvan uit watter hoek – produksie of resepsie – ons die saak analiseer. Die ondersoek moet hom rig op die raamwerk wat die komparatistiese klassifikasie skep en beslaan. Daarby moet die belangrikste element die gemeenskaplike deel of gemene deler wees van die literatuurhistorikus én leser se verwysingsveld. Om na Boniface terug te kom, wanneer J.C. Kannemeyer (1984 I:27) skryf: “Sowel wat die bou as die volkse taferle betref, toon *De nuwe ridderorde* 'n ooreenkoms met Bredero se klugte” wil dit sê dat hierdie outeur van die literêr-historiese kompendium aanneem dat Bredero se werk of ten minste die aard van sy klugte aan sy leser bekend is of bekend behoort te wees. Dis min of meer dieselfde wanneer daar sonder enige detail, soos “klugte” in die voorvermelde voorbeeld, slegs die naam van die skrywer val. By L.W.B. Binge tref ons die karakterisering van Boniface aan as “die wrewelige Fransman wat so 'n eenaardige mengsel van Beaumarchais en Voltaire was” (Binge 1978:XV). Daar is dus verskillende vorme waarin komparatistiese klassifikasie se vergelykings verskyn: van die noem van 'n naam, via vermelding van genre of opsomming van titels, tot 'n vergelykende skets van omvang van enkele sinne. Daar word later verder hierop ingegaan


Dit is duidelik dat die komparatistiese klassifikasie binne een en dieselfde literêre tradisie kan bly deur twee outeurs te betrek wat in dieselfde taal, land of kultuurgebied skryf, as ook ver oor die talige, nasionale, kulturele en tydsgrense heen kan reik. Tegelyk kan bygevoeg word dat ons nie net een spesifieke geval (soos Boniface se posisionering) kan analiseer nie. Ons ken ook 'n wyer spektrum vergelykings waar daar nie net oor een beroemde naam se aura gaan nie maar ook oor algemene invloede, konkrete inspirasies of min of meer toevallige raakpunte. Reeds die samevattende analise van die kwantitatiewe gegewens kan insiggewend wees omdat dit ons meer vertel oor die raamwerke wat hanteer word. Dit gaan veral oor die al dan nie bewuste verwagtingshorison wat werksaam is by literatuurhistorici en veronderstellings wat hulle met betrekking tot die kultureel-literêre kennis van hul lesers maak. Daar kan byvoorbeeld verskillende drukke van 'n bepaalde literatuurgeskiedenis met mekaar vergelyk word en insiggewende uitlatings gemaak word oor die gebruik van (inter)nasionale kultuurtradisies as referensiekader by die posisionering van eie erfgoed.

Neem as voorbeeld twee uitgawes van Gerrit Dekker of Rob Antonissen se literatuurgeskiedenis wat op afstand van 'n aantal jare herdruk is. Beide is in 'n stadium hersien as gevolg van die groeiende literêre materiaal en veranderende historiese perspektiewe. Maar hulle is ook bewerk met die oog op die nuwe leser van sowel die ouer as moderne Afrikaanse literatuur asook van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis(se). Die gegewens soos op die grafieke voorgestel, wys die aantal buitelandse outeurs (let wel: nie die aantal vermeldings nie wat soos 'n

mens kan verwag aansienlik groter is). By die versamel van die data is ook nie verder ingegaan op verskillende kontekste waarin die name verskyn of gebruik is nie. Met ander woorde, al die vermeldings van skrywersname is betrek en statisties verwerk omdat die vraag wat by die ondersoek gestel is, die kwantitatiewe dimensie van die aanwesigheid van vreemde outeurs en literatuur in Afrikaanse literatuurgeskiedenis betref het. Die tekstuele analise van die karakter van die vermeldings is in hierdie ondersoek buite beskouing gelaat en kan uit die aard van die saak deel wees van 'n ander navorsing met 'n ander probleemstelling.




Figuur 1 – Dekker se verwysings na verskillende buitelandse outeurs in twee uitgawes van sy *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis* uit 1937 en 1966



Figuur 2 – Antonissen se verwysings na verskillende buitelandse outeurs in twee van sy kompendia *Schets van den Ontwikkelingsgang der Zuid-Afrikaansche Letterkunde* (1946) en *Die Afrikaanse Letterkunde van Aanvang tot Hede* (1965)

In beide gevalle sien ons 'n duidelike toename in die aantal buitelandse outeurs wat in die latere, bewerkte weergawes van Dekker en Antonissen se literatuurgeskiedenis genoem is en waarna verwys word. Opvallend is twee elemente: ten eerste die baie dominante posisie wat die Nederlandstalige skrywers beklee ten opsigte van die outeurs uit ander nasionale literature en ten tweede die verskil in die getal genoemde outeurs tussen Dekker (wat minder nie-Afrikaanse outeurs noem) en Antonissen (wat meer buitelandse skrywers se name gebruik).

'n Interessante gevolgtrekking kan 'n mens ook maak as jy twee werke van een en dieselfde literatuurhistorikus vergelyk wat in omvang anders is en/of vir 'n ander teikengroep geskryf is. Interessant in hierdie geval is die vergelyking tussen Kannemeyer se tweedelige literatuurgeskiedenis (deel 1 uit 1978, hersien in 1984, en deel twee uit 1983) en sy bewerking wat later in 1988 (sagtebanduitgawe 1990) in een deel verskyn het. Vir hierdie ondersoek is gebruik gemaak van die latere uitgawes, resp. 1984/1983 en 1990, omdat hulle meer representatief vir die geheel is en ook beter beskikbaar vir die lesers is.



Figuur 3 – J.C. Kannemeyer se verwysings na die buitelandse outeurs in die *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis* uit 1984/1983 en 1990

Ek weet nie hoe Kannemeyer in die praktyk in sy hersieningsproses te werk gegaan het nie maar dit wil voorkom dat hy met bykans wiskundige presisie geskaaf, verwerk, bygeskryf en geskrap het. Onafhanklik daarvan watter groep buitelandse skrywers ons nader bekyk, word daar in die eendelige boek slegs een derde van die totale aantal outeurs uit die tweedelige literatuurgeskiedenis genoem. Ons kan die saak ook so stel: indien ons die eendelige werk as verkorte en gehalveerde (ongeveer die helfte van die oorspronklike omvang) weergawe van die tweedelige literatuurgeskiedenis beskou, wil dit voorkom dat Kannemeyer die verwysings na die buitelandse outeurs nie tot die helfte verminder het nie maar selfs met twee derdes ingekort het. Ook dit is 'n duidelike teken dat daar deur hom by die voorbereiding van die eendelige uitgawe ander veronderstellings gemaak is met betrekking tot die teikengroep. Die gevolgtrekking is geregtig dat hierdie literatuurgeskiedenis sonder meer vir 'n ander publiek bedoel as die tweedelige omdat die outeur die nuwe doelgroep se verwysingsveld as anders en beperkter beskou het. Dit werp 'n nuwe lig op die kritiek wat van die begin af geopper is oor Kannemeyer se werkwysie by die voorbereiding van die eendelige literatuurgeskiedenis. *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987* sou vir "n groot gedeelte 'n samevattende (dikwels woordeliks ooreenstemmende) verkorting" wees van sy tweedelige literatuurgeskiedenis (Van Coller 2006), maar sou naas uitkakel van "biografiese, historiese en ander kontekstuele gegewens ter wille van die beperkter omvang" (Pakendorf 1989:6) "ook 'n opdaterende bywerking" behels van die tweedelige kompendium (Van Coller 2006). Uit hierdie ondersoek blyk dat *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987* – soos deur die meeste kritici beweer – nie net deur die skrap van voetnote en verwysings, verkorting van die oorspronklike hoofteks en wysigings van proporsies tussen afsonderlike periodes

ontstaan het nie. Belangrik is byvoorbeeld dat in die proses van herskrywing die komparatistiese klassifikasie tot een derde beperk is maar dan wel verstommend proporsioneel vir verskillende taal- en kultuurgebiede gedoen is. Met ander woorde, Kannemeyer het rekening gehou met 'n ander leserskorps as die beoogde doelgroep van sy tweedelige uitgawe. Party akademiese kritici wat gewoon geraak het aan sy wetenskaplik-ensiklopediese aanpak het verwonderd gereageer op hierdie boek en hulle krities uitgelaat deur te sê dit is bedoel vir voorgraadse studente (Van Coller 1989:15). Daar kan sekerlik en tereg verskillende verwyte geformuleer word met betrekking tot hierdie boek, maar een ding staan vas: ten spyte van die populêr-wetenskaplik karakter van die publikasie uit 1988 (1990) – wat daadwerklik vir voorgraadse studente bedoel was – vertoon die toegepaste ingrype 'n meer komplekse patroon as net inkorting van die dele oor die ouer letterkunde en byskryf van fragmente oor die nuutste ontwikkeling soos tot dusver beweer is.

III

Dit behoort inmiddels vir almal duidelik te wees dat vergelykende klassifikasie as literêr-historiese instrument nie net ten opsigte van jong of onbekende skrywers gebruik word nie, maar ook om sekere fasette van die werk van ander ouer of meer bekende outeurs te posisioneer. Dit kan gaan oor die skrywer se tegniek of temas, dit kan gaan oor die skrywer se posisie teenoor buitelandse kunstenaars maar ook ander outeurs uit eie literêre tradisie; dit kan ook gaan oor nadere bepaling, afbakening van die skrywer se plek teenoor algemene literêr-historiese prosesse – die vergelykende klassifikasie ken verskillende maniere om die spesifieke aard van die literêre werk te karakteriseer (De Nooy 1993:198).

As gevolg daarvan kan daar in 'n literatuurgeskiedenis 'n hegte struktuur van vergelykings, samestellings en graderings ontstaan wat 'n wesenlike deel uitmaak van die siening en hersiening van literêre tradisie. Die interessantste is dat indien ons die geheel daarvan as een sisteem bekyk en veral op die buitelandse outeurs fokus, sien 'n mens die weerspieëling van die lokale literatuurtradisie in die wêreldliteratuur. Uit die reeks vanne en die frekwensie van hul vermeldings kan 'n mens aflees hoe erudiet die literatuurhistorikus is en hoe belese sy publiek is of veronderstel word om te wees. Meer nog – daar kan ook vasgestel word in watter konteks die literatuurhistorikus veral die jonger tradisie wil plaas, teen watter agtergrond moet sy gesien en gelees word en watter ander buitelandse kanon vir haar model staan.

Ek wil nou na die mikrostruktuur van komparatistiese klassifikasie kyk en tot meer gedetailleerde analyses oorgaan om sodoende die moontlikhede van die komparatistiese klassifikasie te toon. In my artikel wil ek verder *in concreto* ten

opsigte van N.P. van Wyk Louw hierdie benadering volg maar ook probeer om in die algemene kader 'n verslag te doen van die resultate van die ondersoek met betrekking tot hierdie strategie binne die Afrikaanse literêre historiografie. Wat my dus in hierdie bydrae verder interesseer, is die manier waarop N.P. van Wyk Louw geposisioneer is ten opsigte van buitelandse outeurs deur verskillende Afrikaanse literatuurhistorici. Van Wyk Louw is 'n ander geval as Boniface, nie net omdat hy nader aan die dag van vandag staan nie, maar ook as gevolg van die relevansie van sy werk vir die Afrikaanse letterkunde en die kulturele lewe in Suid-Afrika as sodanig. Hy self fungeer nog steeds as 'n kanonieke voorbeeld en 'n belangrike verwysingspunt binne die Afrikaanse literêre sisteem.

III.1 *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis* van Gerrit Dekker

Voor ons na die komparatistiese vergelyking tussen Van Wyk Louw en ander skrywers in *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis* van Dekker kyk, is dit belangrik om die verskil in te sien tussen onderskeie uitgawes van hierdie werk. Ten eerste moet gesê word dat die eerste druk uit 1935 hier heeltemal buite beskouing gelaat word omdat toe nog nie oor die Dertigers kon geskryf word nie. Toe is dit net W.E.G. Louw wat 'n skets verdien het as “die eerste geluid” van “'n nuwe geslag” (Dekker 1935:121) en saam met C.M. van den Heever “'n nuwe en eie klank bring en ons hoop gee vir die toekoms” (Dekker 1935:118). Hierdie presentasie van Louw en Van den Heever, wat minder as vier bladsy behels het, groei twee jaar later in die 1937-edisie uit tot 'n aparte afdeling “Nuwe Geluide” van byna tien bladsy waarin ook aparte onderafdelings gewy word aan I.D. du Plessis, Uys Krige en 'n baie kort karakteristiek van Elisabeth Eybers. Ten tweede was Dekker toe, in 1937, vanselfsprekend nog nie in staat om baie oor Van Wyk Louw te vertel nie, al was *Alleenspraak* (1935) reeds gepubliseer. In 1937 het hierdie literatuurhistorikus nog vaag net na invloede in een rigting verwys. Sonder om name te noem, skryf hy oor Van Wyk Louw dat “die sterk individuele, die gawe van sensitivistiese uitbeelding van eie sielelewe in sy verborge drange en subtiele bewuswordinge, 'n gawe” is wat tot ontwikkeling gekom het “mede onder invloed van die moderne Nederlandse liriek” (Dekker 1937:130).

Daarteenoor bied die uitgawe van 1966 'n aansienlik wyer konteks. Dekker beroep hom selfs op D.J. Opperman wat in sy studie oor die Dertigers die “wysgerige inslag” in die poësie van Van Wyk Louw vasstel en ook nog van “'n literêre panteïsme” by die Dertigers praat – 'n term wat verskillende invloede veronderstel (Opperman 1953:184). Opperman het onder verwysing na 'n literêre werk *sensu stricto*, te wete Hettie Smit (1937:12) se *Sy kom met die sekelmaan*, die omvang van vreemde beïnvloeding by die digter probeer reconstrueer. In navolging van Opperman herhaal Dekker die vanne van Plato, Shelley, Spinoza en Jan Luyken. En waar daar by Opperman nog soeke is na wat in literêre werke

van Hettie Smit en Van Wyk Louw skuil – dit gaan oor sy gedig “My Meester” (Van Wyk Louw 1988:16) – maak Dekker die direkte gevolgtrekking dat die genoemde outeurs “die digter se bewonderde meesters” is (Dekker 1966:214). Die literatuurhistorikus noem verder konkrete titels van ander outeurs soos die Nederlandse vertaling uit 1933 van *De Opstand der Horden* (*La rebelión de las masas*, 1930; Eng. vert. 1932) van José Ortega y Gasset en *Happy families* (1920) van Aldous Huxley (Dekker 1966:222). Daar word vertel dat vanaf 1922 die digter hom bevind “onder die besieling van Shakespeare en van [Thomas] Carlyle se *On Heroes and Hero-worship*, wat ’n diepgaande invloed op sy hele geestesgroeï sal uitoefen.” (Dekker 1966:210).

Maar Gerrit Dekker maak ook sy eie vergelykings. In *Alleenspraak* leer ons ’n digter ken “wat betreklik langsaam gegroeï het en onder tal van literêre invloede staan, vanaf (...) [A.G.] Visser tot [Percy Bysshe] Shelley, [Charles] Baudelaire en Adriaan Roland Holst (...)” (Dekker 1966:213). En oor die gedigte uit die vroegste afdeling (1923–1928) in die bundel sê Dekker dat dit “byna uitsluitend sang” is en “liedjies (...) à la [Johann Wolfgang] Goethe en [Heinrich] Heine (‘nagliedjie’)” (Dekker 1966:213). Soos ’n mens sien word daar partykeer gepraat van “invloede”, partykeer van gedigte “à la” iemand anders, maar daar word ook die term “inspirasie” gebruik. Oor *Alleenspraak* lees ons byvoorbeeld “Besinning op die digterskap vind ons reeds in ‘Ons is die geeste wat dwaal’, geïnspireer op die ode van [Arthur William Edgar] O’Shaughnessy ‘We are the Musicmakers’ (...)” (Dekker 1966:213).

Interessant is die verwysings na die Nederlandse outeurs. Sommige gedigte herinner Dekker “deur stemming en stylaard sterk aan A[driaan] Roland Holst” (Dekker 1966:214).

Partykeer noem hy titels van Van Wyk Louw se gedigte of van die digters uit die Lae Lande. Tipies is byvoorbeeld die volgende opmerking: “Sommige strofes van ‘Die Oorwonnene’ laat mens onwillekeurig aan [Hendrik] Marsman se ‘Doodsstrijd’ dink, terwyl in ander, soos in die nog skrilte ‘Opstand’, die stem van [Willem] Kloos deurklink.” (Dekker 1966:214). Hierdie eerste Afrikaanse literatuurhistorikus *sensu stricto* verbind Van Wyk Louw se naam nog met P.C. Boutens en ag die gedigte ‘Dennebosse’ en ‘Grense’ aan sy digkuns verwant (Dekker 1966:215).

By die ‘invloedologiese’ leksikon word naas “invloede”, gedigte “à la” iemand of “inspirasie” ook gevoeg dat party werke die literatuurhistorikus aan iemand “laat dink” en dat daar ander digters se stemme “deurklink”. Gevolglik bly dit alles – ondanks die noem van bekende skrywers se name en konkrete gedigte – by vae, enigmatiese formuleringe. Dit wil voorkom asof daar vir ’n vergelyking geen fondament van eie ondersoek was nie. Dit bly by indrukke hoewel hulle op

belesenheid gebaseer is. Dekker gebruik as bronne, bykans op dieselfde manier, Opperman se akademiese studie *Digters van Dertig* en literêre werke soos Hettie Smit se *Sy kom met die sekelmaan*. Desnietemin word sterk die indruk gewek dat Van Wyk Louw, sekerlik in vergelyking met ouer Afrikaanse digters, in aansluiting by die internasionale literatuur skryf. Uit hierdie oorsig blyk dit dat Van Wyk Louw deur Dekker nie net in die konteks van die Nederlandse outeurs geplaas word nie.


Wat die komparatistiese klassifikasie met betrekking tot Van Wyk Louw betref, kan 'n mens, soos uit die aanhalings bo blyk, versigtig 'n hipotese formuleer dat Dekker vir die posisionering van Van Wyk Louw 'n wyer spektrum name uit die wêreldliteratuur nodig gehad het. In die bespreking van hierdie skrywer noem hy gemiddeld meer name van ander woordkunstenars as by die ander outeurs.

Ook in die boek as geheel duik gereeld vanne van skrywers uit verskillende lande en kontinente op. As ons kyk na die verwysingsveld wat Dekker oor die algemeen in sy boek gebruik, is dit opvallend dat die mees frekwente vermeldings by hom op Nederlandse outeurs dui (tabel 1).


Tabel 1 – Aantal vermeldings van die buitelandse outeurs in G. Dekker se *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis* uit 1966

SKRYWERS	AANTAL VERMELDINGS
Perk, Jacques (1859-1881) <i>NL</i>	15
Marsman, Hendrik (1899-1940) <i>NL</i>	14
Shelley, Percy Bysshe (1792-1822) <i>ENG</i>	12
Boutens, Pieter Cornelis (1870-1953) <i>NL</i>	9
Gezelle, Guido (1830-1899) <i>NL/VL</i>	9
Roland Holst, Adriaan (1888-1976) <i>NL</i>	9
Kloos, Willem (1859-1938) <i>NL</i>	8
Verwey, Albert (1865-1937) <i>NL</i>	8
Browning, Robert (1812-1889) <i>ENG</i>	8
Bilderdijk, Willem (1756-1831) <i>NL</i>	8
Shakespeare, William (1564-1616) <i>ENG</i>	7

Die hipotese dat ons met die internasionalisering van die Afrikaanse literatuur te make het, word bevestig deur die kwantitatiewe data uit die ondersoek waarvan hier gedeeltlik verslag gedoen word.



Figuur 4 – G. Dekker se verwysings na die buitelandse outeurs in die *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis* uit 1937



Figuur 5 – G. Dekker se verwysings na die buitelandse outeurs in die *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis* uit 1966

By Dekker is daar 'n interessante tendens te bespeur (wat soos later sal blyk die algemene strekking binne die Afrikaanse literêre historiografie is). Tussen 1937 en 1966 het 'n opmerklieke verskuiwing in *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis* plaasgevind. Ten spyte van die groei van die Afrikaanse literatuur het die aantal vermeldings van die Nederlandse outeurs kleiner geword: van 57% in 1937 (figuur 4) daal dit tot 37% in 1966 (figuur 5). Opvallend is dat dit nie ten voordeel

van die Engelstalige outeurs is nie – hier bly die persentasie op dieselfde vlak: 25 % in 1937 en 26 % in 1966. Die orige 20% word as't ware verwerk deur ander literature: die aantal Franse en Duitse outeurs word groter. Tegelyk stel ons 'n toename vas van ander skrywers ander skrywers uit verskillende windrigtings (van 2 % tot 9 %), en daar kom 'n heeltemal nuwe groep skrywers uit die antieke by.

Selfs as ons onthou dat Dekker sy boek in 1966 hersien het en dat hy dan die Dertigers en die Sestigters in sy literatuurgeskiedenis opgeneem het wat in 1937 nie voorgekom het nie, en dat hy ouer en welsprekender geword het, bly hierdie tendens tot internasionalisering – wat parallel loop sowel in die literêr-historiese proses, artistieke werke dus, as in die literatuurgeskiedkundige beskrywing daarvan – 'n besonder interessante feit.

III.2 Twee kompendia van Rob Antonissen

Nog voor sy koms na Suid-Afrika het die Vlaming Rob Antonissen 'n belangrike studie gepubliseer, nl. *Schets van den Ontwikkelingsgang der Zuid-Afrikaansche Letterkunde* wat in 1946 in Brugge verskyn het. Deel 1 het die ondertitel gehad *Studie* en is vergesel deur deel 2 naamlik *Bloemlezing*. Die hele boek noem Antonissen in die titel baie beskeie 'n “skets”, maar dit was na Dekker se historiografiese poging uit die jare dertig die tweede en onmiddellik 'n belangrike proewe van omvattende literatuurgeskiedenis². Geen wonder dat *Schets van den Ontwikkelingsgang der Zuid-Afrikaansche Letterkunde* die fondament geword het waarop Antonissen later voortgebou het en waaruit sy boek *Die Afrikaanse Letterkunde van Aanvang tot Hede* in 1955 voortgespruit het.

Ek gaan hier die derde uitgawe uit 1965 onder die loep neem, omdat dit die mees bekende weergawe van hierdie literatuurgeskiedenis is. Soos by Dekker wil ek begin met die vergelyking tussen die konteks waarin Van Wyk Louw in *Schets van den Ontwikkelingsgang* geplaas word en die komparatistiese klassifikasie ten opsigte van die skrywer soos dit in sy *Die Afrikaanse Letterkunde van Aanvang tot Hede* toegepas is. Die verskil tussen die twee boeke is nie net die ander konteks waarin dit gepubliseer is, 'n ander stadium van die “ontwikkelingsgang” van die Afrikaanse letterkunde en 'n ander publiek nie, maar word duidelik uit die empiriese analise. In *Schets* was daar net twee name van buitelandse outeurs. “Op die hoogten ontmoeten elkaar en gaan in elkaar op, haast tot vereenzelviging: de trots (van een **Nietzsche**) en de deemoed (van een **Dostojewski** [...]).” (Antonissen 1946:299) Hierdie vorm van komparatistiese klassifikasie is besonder omdat dit nie net uit die name blyk nie maar in werklikheid uit die titels van twee gedigte uit *Die Halwe Kring* (1947): “Nietzsche” en “Dostojewski”.

Pas in *Die Afrikaanse Letterkunde van Aanvang tot Hede* het ons werklik te make met 'n spektrum van name. Ons sien hier dat Antonissen Van Wyk Louw se werk kontekstualiseer deur na outeurs soos Ch. Baudelaire, T. Carlyle, F. Dostojevski, S. George, J.W. von Goethe, H. Heine, H. Marsman, F. Nietzsche, Ovidius, R. Rilke, A. Roland Holst, W. Shakespeare, P.B. Shelley, W.B. Yeats te verwys.


Deur enkele voorbeelde te analiseer, kan ons sien watter soort verwysings deur Antonissen gebruik word. In die meeste gevalle gaan dit oor die opnoem van vanne; daar word nie dieper ingegaan op die aard van die invloede of inspirasies nie. Die eerste voorbeeld: "In die heroïes-aristokratiese opvatting van hierdie digterskap duik die ideë weer op wat Van Wyk Louw, onder die indruk van Carlyle, Goethe, Nietzsche en Campbell, al sowat tien jaar vroeër in tydskrifverse uitgedruk het, en waarvan in *Alleenspraak* eintlik alleen "In waansin het ek gevra" 'n duidelike belydenis was." (Antonissen 1965:244). Hierdie gedagte vul die literatuurhistorikus onmiddellik aan deur oor die nuutste publikasies van Van Wyk Louw te sê: "Tans verskyn die opvatting in 'n bewuster en ryper gedaante: dieper gefundeer deur die verkeer met poësie van Stefan George, Rilke, Yeats, Roland Holst en Marsman, verdeemoedig deur inlewing in die mens-wees van 'n Dostojevski." (Antonissen 1965:244).

Nie baie anders nie is die volgende voorbeeld: "Die grootste deel van *Alleenspraak* is liefdeslied in allerlei toonaarde en skakerings: [...] van Goethe-Heine langs Baudelaire na Roland Holst." (Antonissen 1965:243). Partykeer volg die verwysings net 'n klein tussenvoegsel soos wanneer Antonissen dit het oor *Die Halwe Kring*: "Die grootste greep in hierdie bundel is die ode "Aan die Skoonheid" (vgl. Shelley) [...]" (Antonissen 1965:245).


Wat doen Antonissen eintlik hier? Dis duidelik geen analise nie, daar word geen bewyse gegee vir die bestaan van invloede en inspirasies nie. Maar of die naasmekearstellings van Van Wyk Louw en ander skrywers iets konkreets oplewer, of dit waar is of nie, moet 'n mens erken dat daar bloot uit die opnoem van name 'n konteks en 'n sfeer geskep word. En teen hierdie agtergrond wat uit die voorste woordkunstenaars uit die wêreldletterkunde opgebou word, word Van Wyk Louw se digkuns geposisioneer as relevante bydrae tot die letterkunde.

Wat Antonissen se gebruik van komparatistiese klassifikasie as sodanig betref, wil ek twee elemente noem. Ten eerste, in vergelyking met ander literatuurgeskiedenis is die meeste vermeldings by hom net eenmalig; daar is net 2-3 uitsonderings op die reël. In 1946-uitgawe word Guido Gezelle 8 keer en J.W. von Goethe 5 keer vermeld. In 1965-uitgawe is dit Guido Gezelle – 9 keer, J.W. von Goethe – 8, Isaac da Costa – 6 vermeldings. Daar is dus net enkeles wat meer dikwels as 5 keer in die boek genoem word; trouens dit is

grotendeels dieselfde name in die Nederlandse kompendium uit 1946 soos in die veranderde en bygewerkte Afrikaanse uitgawe uit 1965. Tweedens is 'n ander element opmerklik, naamlik die bykans eweredige proporsies tussen afsonderlike nasionale literature wat Antonissen as verwysingsveld gebruik. Dit val op as ons na die twee diagramme kyk wat die aanwesigheid van buitelandse skrywers in 1946 en in 1964 voorstel (figure 6 en 7).



Figuur 6 – R. Antonissen se verwysings na buitelandse outeurs in die *Schets van den Ontwikkelingsgang der Zuid-Afrikaansche Letterkunde* uit 1946



Figuur 7 – R. Antonissen se verwysings na buitelandse outeurs in die *Die Afrikaanse Letterkunde aan Aanvang Tot Hede* uit 1965

III.3 *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur (1983/84)* van J.C. Kannemeyer

Die hantering van komparatistiese klassifikasie by Dekker en Antonissen vorm 'n goeie agtergrond waarteen 'n mens Kannemeyer se tweedelige literatuurgeskiedenis kan bespreek. Die ondersoek waarvan hier verslag gedoen word, lewer bewyse vir die tot dusver intuïtiewe opvatting van baie wetenskaplikes dat die Nederlandse letterkunde met verloop van tyd aan betekenis vir die Suid-Afrikaanse letterkunde ingeboet het. En hier gaan dit nie oor die ontwikkeling sedert jare tagtig nie en wegval van die “Dietse”-verbande-gedagte nie. Ten spyte van die feit dat hierdie Europese tradisie baie jare lank 'n natuurlike raamwerk vir die ontwikkeling én beskrywing van die Afrikaanse literatuur was, word literatuur uit Nederland en Vlaandere reeds in die tweede helfte van die twintigste eeu steeds minder relevant vir die Suid-Afrikaanse literêr-historiese prosesse.

Dit het reeds duidelik geblyk uit die vergelyking tussen twee herdrukke van een boek (Dekker 1937 en 1966) of twee afsonderlike kompendia van dieselfde outeur (Antonissen 1946 en 1965 of Kannemeyer 1984 en 1990) dat die getal verwysings na die Nederlandse outeurs geleidelik daal. Ook as 'n mens die drie literatuurhistorici naasmekaar plaas, word dit duidelik dat vergelykende klassifikasie ten opsigte van die Nederlandstalige outeurs steeds minder plek in die literatuurgeskiedenis inneem. By Dekker was die persentasie vermelde Nederlandse outeurs die grootste – 57% en 37%. By Antonissen daal dit tot 35% en 34% en by Kannemeyer tot 24%.


Tabel 2 – Persentasie Nederlandstalige outeurs waarna verwys word in verskillende literatuurgeskiedenis

SKRYWERS	NEDERLANDSTALIGE OUTEURS
Dekker 1937	57 %
Dekker 1966	37 %
Antonissen 1946	35 %
Antonissen 1965	34 %
Kannemeyer 1984/83	24 %

Dit spreek vanself dat die omvangryke tweedelige kompendium van Kannemeyer die meeste en die interessantste verwysings bevat. Terwyl die outeurs waarna die meeste verwysings gemaak word nog steeds Nederlandse skrywers is (tabel 3), sien ons dat die komparatistiese vergelykings soos deur Kannemeyer gehanteer meer internasionaal is as by sy voorgangers; belangrik is ook dat 'n aantal outeurs meer dikwels vermeld word as by ouer literatuurgeskiedenis (figuur 8).

Tabel 3 – Die mees voorkomende buitelandse skrywers in J.C. Kannemeyer se *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* uit 1984/83

SKRYWERS	AANTAL VERMELDINGE
Nijhoff, M. (1894-1953) <i>NL</i>	24
Roland Holst, A. (1888-1976) <i>NL</i>	20
Vondel, J.v.d. (1587-1679) <i>NL</i>	18
Marsman, H. (1899-1940) <i>NL</i>	18
Greshoff, J. (1888-1971) <i>NL</i>	17
Achterberg, G. (1905-1962) <i>NL</i>	16
Bloem, J.C. (1887-1966) <i>NL</i>	14
Goethe, J.W. von (1749-1832) <i>DU</i>	13
Eliot, T.S. (1888-1965) <i>ENG</i>	12



Figuur 8 – J.C. Kannemeyer se verwysings na die buitelandse outeurs in die *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* uit 1984/1983

Dit hou verband met die tweede belangrike gevolgtrekking uit die ondersoek: Afrikaanse literatuurhistorici ag dit in die loop van die twintigste eeu steeds belangriker om die Afrikaanse literatuur in 'n groter konteks te plaas sodat ons kan praat van die internasionalisering van beskouings oor die Afrikaanse literatuur.

Hoe lyk dan Kannemeyer se posisionering van Van Wyk Louw deur middel van komparatistiese klassifikasie? 'n Deel van die verwysings na buitelandse outeurs spreek as't ware vanself soos in die volgende voorbeeld waar die name van outeurs wat Van Wyk Louw self noem, herhaal word: "Die hoogtepunt van

die geding-met-God-motief in *Alleenspraak* is 'In waansin het ek gevra' met 'n motto uit Dostojewski (via Schestow se *Auf Hiobs Wage*)." (Kannemeyer I:393). Ook in hierdie geval, waar daar sprake is van die selfposisionering deur die digter, som die literatuurhistorikus hierdie name op wat tot 'n sekere sfeer bydra. Desnietemin stel ons meer belang in 'n ander groep vermeldings wat ook tot 'n sekere mate duidelik is, naamlik as daar verwys word na boeke wat Van Wyk Louw gelees het. Hier volg twee voorbeelde: "As sy verse van 1923 tot 1930 [...] afwysend beoordeel word, verloor hy belangstelling in die poësie, raak toenemend geïnteresseerd in die filosofie van Hegel [...]" (Kannemeyer I:383). "In hierdie tydperk raak hy verdiep in die volkspoësie van Robert Burns, Carlyle se *On heroes, hero-worship, and the heroic in history* en veral Shakespeare se *Twelfth night*." (Kannemeyer I:389).

'n Ander groep maak deel uit van Kannemeyer se verwysings na toespelings of inspelings wat hy in bepaalde werke identifiseer byvoorbeeld in *Tristia*: "Soms voer die herinnering aan Suid-Afrika tot 'n dubbelslagtige haat-liefde-verhouding teenoor sy land, soos in 'Ek haat en ek het lief' met sy toespeeling op [Caius Valerius] Catullus se 'Odi et amo'." (Kannemeyer I:435). "[In 'Ars poetica'] Met 'n inspeeling op Nijhoff se 'De pen op papier' sê hy in die derde strofe dat 'n fluit eintlik vir die skeppingsproses nodig is sodat die werklikheid op- en omgetower kan word en die kunstenaar tot die essensiële kan deurdring." (Kannemeyer I:434).

Partykeer gaan dit net oor naasmekaarstelling, maar die geselskap waarin Van Wyk Louw geplaas word, is uitgelese: "[die bundel *Nuwe verse* (1954)] sluit die tweede fase in Van Wyk Louw se poësie af [...]. Die versameling kan dus [...] as 'n oorgangsbundel en die titel *Nuwe verse* as 'n neutrale benoeming beskou word; indien die titel, soos Nijhoff se *Nieuwe gedichten* of Rilke se *Neue Gedichte*, ook op 'n nuwe inset in sy poësie betrekking het, is dit slegs van toepassing op 'n deel van die bundel [...]" (Kannemeyer I:419-420).

Aan die hand van hierdie illustratiewe aanhalings kan 'n mens opmerk dat daar verskillende tipes verwysings in die literatuurgeskiedenis voorkom. Om hulle maklik te katalogiseer, is vir die ondersoek 'n interne tipologie ontwikkel. Met die oog op die inhoudelike verskille en verskille in omvang is daar vier tipes geïdentifiseer. Tot groep A is vermeldings gereken wat die naam van die buitelandse outeur bevat en vergesel word deur 'n kort aanbieding of voorstelling van sy werk of 'n toeligting van biografiese besonderhede. As voorbeeld gee ek die volgende fragment: "In 1960 stel Elize Botha en A. P. Grové 'n keur uit Van Wyk Louw se poësie vir gebruik in Nederland saam. Die veertiental nuwe gedigte wat in hierdie bloemlesing verskyn, vorm deel van *Tristia en ander verse, voorspele en vlugte 1950-1957* (1962), waarin die meeste gedigte uit die tydperk van Van Wyk Louw se Amsterdamse "ballingskap" [...] – opgeneem is. Die titel van die

bundel speel terug op die gelyknamige werk van Ovidius, waarin hy klaagliedere aan vriende en bekendes in Rome vanuit sy ballingsoord aan die Swart See rig, terwyl die fragment op die stofomslag [...] 'n aanhaling is uit die tiende elegie uit die derde boek van *Tristia*, waarin Ovidius oor die koue van sy omgewing kla [...].” (Kannemeyer I:430-431).

Onder groep B val vermeldings van name van 'n buitelandse outeur wat die titel van 'n werk bevat sonder nadere karakteristiek of presentasie van die inhoud daarvan. “Ná hierdie eksperimente op die gebied van die toneel begin hy in 1944 met 'n versdrama oor *Gaius Caesar Caligula*, maar betreklik gou lei hierdie boustof hom na Germanicus, die vader van Caligula, wie se geskiedenis hy uit Suetonius se lewensbeskrywings en veral uit Tacitus se *Annales* leer ken en wat vir hom as hoofpersoon in sy drama 'n veel fassinerender karakter is.” (Kannemeyer I:413).

Groep C bevat slegs die naam of pennaam van die skrywer, terwyl D neerkom op 'n opsomming van 'n reeks vanne. Voorbeelde by Kannemeyer: “Uit hierdie jare dateer ook 'n poësie-album wat hy *Impressies en dramatiese gedigte* noem en waarvan enkele verse later in *Alleenspraak* en *Die halwe kring* opgeneem word. Die meeste van dié gedigte is eenvoudige volksliedjies in die trant van dié van Goethe, Heine, Leipoldt en Visser [...]” (Kannemeyer I:390) of “Soms beoefen hy die tradisionele ballade in die trant van Goethe, Heine en Burns, soos in ‘Die speelman’ [...]” (Kannemeyer I:390).

Soos 'n mens sien, beperk Kannemeyer hom nie selde tot opsommings van skrywersname nie. Op 'n aantal plekke tref 'n mens by hom ook verwysings wat baie kort is en selfs tussen hakies geplaas word. Anders as sy voorgangers, noem hy by hierdie geleenthede konkrete gedigte van ander digters wat van sy teksgerigtheid getuig: “Die afdeling 1928-1930 bevat ook nog suiwer volksliedagtige liefdesverse, soos ‘Wat kan ek vir jou gee?’ (vgl. Gorter se ‘Ik wilde ik kon u iets geven’) [...]” (Kannemeyer I: 392). Dieselfde vorm van interpretatiewe suggestie wat deur “vgl.”, vergelyk, ingelei word, tref ons ook hier aan: “Ook die reeks liefdesgedigte in *Die halwe kring*, waarin Van Wyk Louw veral van die sonnetvorm gebruik maak, toon 'n groot vooruitgang op die in *Alleenspraak*. Hiervan is ‘As ek so dink’ (vgl. Keats se ‘When I have fears’ en Brooke se ‘The beginning’) [...] deur sy trae gang en afwesigheid van 'n innerlike stuwung die minste.” (Kannemeyer I:398).

'n Interessante voorbeeld van vergelykende klassifikasie is die volgende aanhaling. “Ook in ‘Ballade van die bose’ is daar met die gebruik van die halfrefrein en die herhalings iets van die ouer (Franse) ballade aanwesig [...]. Die gedig sluit [...] by Baudelaire se kultus van die bose aan en het 'n sekere ooreenkoms met A.C. Swinburne se ‘Hertha’, maar toon ook [...] 'n verwantskap met die inset van Goethe se ‘Grenzen der Menschheit.’” (Kannemeyer I:409). Die

woord *verwantskap* wat ons in hierdie fragment teëkom, blyk in 'n aantal gevalle die literatuurhistorikus se sleutel- of towerwoord. Hiervan twee voorbeelde: “Die slot van dié vers [‘Opstand’] doen (...) met die gebruik van hoofletters en die kosmiese selfvergroting van die spreker enigszins geaffekteer aan, terwyl dit ook 'n sekere verwantskap met Perk en Kloos toon.” (Kannemeyer I:393). En “al klink die ‘oerkreet’ [in ‘Skreeu’] te veel na 'n geaffekteerde opstand wat deur die kosmiese selfvergroting aan Perk, Kloos en veral Marsman verwant is” (Kannemeyer I:393-394). Tot hierdie kategorie behoort ook die volgende sitaat waar daar geen titel van die oorspronklike werk genoem word nie en wat tog baie funksioneel is by sfeerskepping. “In ‘Fees’, met sy reminissensies aan Heine, ontwikkel die voorstelling tot die beskrywing van 'n liefdesverhouding wat verby is [...]” (Kannemeyer I:391).

'n Ander keer ontleed Kannemeyer 'n enkele woord. In die gedig ‘Miskien ook sal ons sterwe’ tref die woord “ruggelings” hom byvoorbeeld wat “'n modewoord uit Gossaert en Marsman” is (Kannemeyer I:398). Partykeer bly dit net by indrukke dat daar ooreenkomste is; partykeer speur die literatuurhistorikus die verwantskap na en kyk sowel na die boeke wat Van Wyk Louw gelees het as ook na sy vertaalwerk om 'n gevolgtrekking te maak soos: “Die hoogtepunt van die bundel [*Alleenspraak*] as geheel is ‘Gesprek van die dooie siele’, wat 'n sekere verwantskap met Paul Verlaine se ‘Colloque sentimentale’ toon, 'n gedig wat vroeër deur Van Wyk Louw vertaal is.” (Kannemeyer I:395).

Kannemeyer se literatuurgeskiedenis is erudiet en gee baie bio- en bibliografiese stof tot verdere studie. Dit erken selfs sy felste kritici. Van sy belesenheid getuig ook die manier waarop hy konteks skep ten opsigte van Van Wyk Louw se digkuns deur outeurs uit verskillende nasionale literature en periodes by te haal: “Die stilte wat die spreker daarop ervaar en die feit dat sy trots in deernis gaan skuil, word voorgestel deur die klippe wat in 'n kuil wegsink, 'n beeld wat – afgesien van die verwantskap met Revius se ‘Gods besluit’ – later weer in die openingsgedig van *Nuwe verse* sal terugkeer.” (Kannemeyer I:397). Nie baie anders nie is die volgende assosiasie: “[...] die beeldende poësie van *Raka* en die sterk gespanne vers van *Germanicus* [groei uit] tot hoogtepunte [...], terwyl die afstropingsproses ook tegnies sy neerslag vind in die versobering van die vers, al is daar, soos vroeër, die sirkulering van woorde – naak, sink, skuil; angs, vrees, verwarring, duister, blinde; helder, blink, silwer, heilig e.d.m. – wat feitlik 'n soort literêre pointillisme soos dié van Marsman word.” (Kannemeyer I:387).

Kannemeyer maak, soos Dekker voor hom, ook gebruik van Opperman en haal uit sy studie oor die Dertigers aan: dis skrywersname wat Opperman met Van Wyk Louw in verband bring. “In ‘Daar is 'n geur van blomme’ (...) [sluit VWL

aan] – soos Opperman aangetoon het – by Kloos, Rossetti en Swinburne se siening van die vampiervrou met haar bomenslike mag (...).” (Kannemeyer I:392).

Ek wil hierdie reeks voorbeelde afsluit met ’n aanhaling wat wys hoe vry en assosiatief Kannemeyer hom partykeer op die gebied beweeg – hy gee in een sin ’n vergelyking met die Nederlandse outeur uit die Goue Eeu en Van Wyk Louw se tydgenoot: “Die voorstelling is iets verskuldig aan Vondel se *Lucifer* en die tradisie van die opstandsmotief, terwyl die siening van ’n God wat nie deur ’liefde en gebede’ geraak word nie en in sigself geslote is (vgl. die ’skulp’-beeld), aan Eugène N. Marais se ‘Is daar nog trane?’ laat dink.” (Kannemeyer I:397).

IV

Soos hier aangetoon is, word N.P. van Wyk Louw deur Afrikaanse literatuurhistorici in ’n baie wye literêre konteks geplaas. Sy werk, veral poësie, word bespreek deur verwysings na die voorste skrywers, veral uit die Lae Lande en Groot Brittanje. Daar word ook name genoem van Duitse, Franse, antieke en ander outeurs. Die verwysings slaan op die boeke wat die digter gelees het, sy vertaalwerk, kontakte of reaksies op ander skrywers se werk. Op hierdie wyse beskryf die literatuurgeskiedenis ook ’n belangrike faset van die evolusie van die Afrikaanse literatuur, naamlik die uitreik na die buiteland. Uit die oorsig wat ek hier gegee het, blyk ook duidelik die ontwikkeling van die studie van die Afrikaanse literatuur wat tussen 1937 en 1984 baie professioneel geword het. Danksy hierdie professionalisme kon die werk van digters soos Van Wyk Louw tot sy volle reg kom. Die analise van die gebruik van komparatistiese klassifikasie deur literatuurhistorici spoor aan tot verder ondersoek. Daar kan verskillende aspekte van hierdie verskynsel in kompendia wat oor tientalle jare ontstaan het, onder die loep geneem word. Die veronderstellings wat die literatuurhistorici met betrekking tot hul lesers gemaak het, het ek hier net genoem. Hierdie data kan ook vertrekpunt wees vir die ondersoek na veranderings van die leser se veronderstelde literêre kompetensie.

Adam Mickiewicz Universiteit in Poznań, Pole

Universiteit van die Vrystaat

AANTEKENINGE

1. Die insae in die moontlikhede van die komparatistiese kwalifikasie was vir my die aanleiding om ’n aantal jare gelede enkele studente in my MA-seminarie hul afstudeerskripsies te laat skryf oor die verwysings na nie-Afrikaanstalige outeurs in die literatuurkompendia van Gerrit Besselaar, Gerrit Dekker, P.C. Schoonees, F.E.J. Malherbe, Rob Antonissen en J.C. Kannemeyer. Later het een van hulle van op hierdie manier versamelde data vertrek en die ondersoek verdiep. Agnieszka Ochowicz het

onder my begeleiding haar doktorsale dissertasie in 2005 aan die Universiteit Wrocław verdedig onder die titel *Klasyfikacja komparatystyczna w historiografii literackiej afrikaans: obecność autorów obcojęzycznych w południowoafrykańskich kompendiach historycznoliterackich* ('Komparatistiese klassifikasie in die Afrikaanse literêre historiografie: aanwesigheid van anderstalige outeurs in die Suid-Afrikaanse literêre-historiese kompendia') (Ochowicz 2005). Onder dankbaar gebruik van die resultate van daardie ondersoek, aangevul met my eie navorsing gaan ek hier verder op die problematiek in.

2. Ander boeke wat ook pogings was tot literêre-historiese sintese soos werke van P.J. Nienaber, P.J. en G.S. Nienaber, P.C. Schoonees of F.E.J. Malherbe, bespreek ek uitvoerig in ander publikasies (Koch 2002; Koch 2012). Hier kom hulle nie aan bod nie omdat hulle dikwels meer as tydsgebonde literêre kritiek gesien moet word en as minder geslaagd as literatuurgeskiedenis in die moderne betekenis van die woord. Hulle werke was belangrik in 'n bepaalde stadium van die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre kritiek en geskiedenis, maar was minder populêr as die literatuurgeskiedenis van Dekker, Antonissen en Kannemeyer en het tot op sekere hoogte nie die proef van die tyd deurstaan nie.

VERWYSINGS

ANTONISSEN, R.

1955. *Die Afrikaanse Letterkunde van Aanvang Tot Hede*, HAUM: Pretoria.

ANTONISSEN, R.

1965. *Die Afrikaanse Letterkunde van Aanvang Tot Hede*, Nasou: Kaapstad.

BINGE, L.W.B.

1978. *Ontwikkeling van die Afrikaanse toneel (1832 tot 1950)*, J.L. Van Schaik: Pretoria.

BOSMAN, F.C.L.

1928. *Drama en toneel in Suid-Afrika. Deel 1. 1652-1855*. Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers Maatschappij v/h J. Dusseau & Co.: Kaapstad / J.H. de Bussy: Pretoria – http://www.dbnl.org/tekst/bosm012dram01_01/.

BOSMAN, F.C.L.

1954. *Inleiding* [in:] C.E. Boniface, *De Nieuwe Ridderorde of De Temperantisten, Uitgegeef met inleiding en verklarende aantekeninge deur F.C.L. Bosman, waarby'n inleiding, Die Afrikaans van Boniface deur J.L.M. Franken*, Voortrekkerpers: Johannesburg.

BOUWS, J.

1982. *Solank daar musiek is... Musiek en musiekmakers in Suid-Afrika (1652–1982)*, Tafelberg: Kaapstad.

CONRADIE, E.

1934. *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika. Deel 1 (1652-1875)*, J.H. de Bussy, Pretoria / H.A.U.M.: Kaapstad – http://www.dbnl.org/tekst/conr002holI01_01/ .

CORNEVIN, R.

1969. “Charles Etienne Boniface (1787-1853): journaliste et écrivain trilingue d’Afrique du Sud, Le «Terroriste» Antoine Boniface et l’Amiral Sidney Smith”, *Annales de l’Université de Madagascar – Lettres*, 9: 97-109 – <http://madarevues.recherches.gov.mg/?Charles-Etienne-Boniface-1787-1853> .

CULPIN, D.J.

2013. “Interruption as Narrative Technique in the Narrative of the Shipwreck of the Éole by C. E. Boniface”, *Forum for Modern Language Studies*, 49(4): 371-381.

DEKKER, G.

1935. *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis*, Nasionale Pers: Kaapstad – Bloemfontein – Port Elizabeth.

DEKKER, G.

1937. *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis*, Nasionale Pers: Kaapstad – Bloemfontein – Port Elizabeth.

DE NOOY, W.

1993-a. *Classificaties van literaire teksten*, [in:] J. Goedegebuure (red.), *Nieuwe wegen in taal- en literatuurwetenschap*, Tilburg University Press: Tilburg: 197-210.

DE NOOY, W.

1993-b. *Richtingen & lichten. Literaire classificaties, netwerken, instituties*, Rotterdam, proefschrift Tilburg.

KANNEMEYER, J.C.

1984. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 1*, Academica: Pretoria – Kaapstad – http://www.dbnl.org/tekst/kann003gesk01_01/ .

KANNEMEYER, J.C.

1988. *Die Afrikaanse Literatuur 1652-1987*, Academica: Pretoria.

KANNEMEYER, J.C.

1990. *Die Afrikaanse Literatuur 1652-1987*, Human & Rousseau: Kaapstad.

KOCH, J.

2002. *Outsider onder de zijnen. Vormen van xenofanie in de Afrikaanse roman*, Wydawnictwo Uniwersytetu Wrocławskiego: Wrocław – http://www.dbnl.org/tekst/koch003outs01_01/ .

KOCH, J.

2013. *Historia literatury południowoafrykańskiej: Literatura afrikaans. (Okres usamodzielnienia 1900-1930)*, Wydawnictwo Akademickie Dialog, Warszawa.

KUITERT, L.

1995. "Een vis op het droge: Literatuur volgens de empirische literatuursociologie", *Jaarboek voor Nederlandse boekgeschiedenis*, 2: 191-209. http://www.dbnl.org/tekst/_jaa008199501_01/_jaa008199501_01_0010.php

FLETCHER, J.

1994. *The Story of Theatre in South Africa. A Guide to its History from 1780–1930*, Vlaeberg: Cape Town.

NIENABER, G.S.

1939. *Van roem tot selfmoord*, Voortrekkerpers: Johannesburg-Pretoria.

NIENABER, P.J. EN NIENABER, G.S.

1941. *Geschiedenis van die Afrikaanse letterkunde*, J.L. van Schaik: Pretoria – http://www.dbnl.org/tekst/nien005gesk01_01/ .

OCHOWICZ, A.

2005. *Klasyfikacja komparatystyczna w historiografii literackiej afrikaans: obecność autorów obcojęzycznych w południowoafrykańskich kompendiach historycznych*, vol. I-II, Wrocław. Proefskrif Uniwersytet Wrocławski.

OPPERMAN, D.J.

1953. *Digters van Dertig*, Nasionale Boekhandel: Kaapstad.

PAKENDORF, G.

1989. "Kannemeyer het deeglik nagevors, maar...", *Die Burger* 1989/02/23.

SMIT, H.

1937. *Sy kom met die sekelmaan*, Nasionale Pers – Vereniging vir die Vrye Boek: Kaapstad.

STASSEN, J.-W.

1957. *Toneel en kultuur. Die ontwikkelingsgeskiedenis van die Hollandse en Afrikaanse toneel en drama in Suid-Afrika*, Universiteit van die Oranje Vrystaat: Bloemfontein.

VAN COLLER, H.P.

1989. "Oorsig oor SA literatuur", *Volksblad* 1989/01/15.

VAN COLLER, H.P.

2006. "Dié eerder 'persoonlike leesverslag'", *Volksblad* 2006/06/01.

VAN WYK LOUW, N.P.

1988. *Versamelde gedigte*, Tafelberg – Human & Rousseau: Kaapstad.